Nuusbrief 222

AUGUSTUS 2019

South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

SAWPA STREEKVERGADERINGS

Die 2de ronde streekvergaderings is geskeduleer vir die datums soos hieronder aangedui. Die vergaderings gee ook die geleentheid vir lede om enige bedryfsake te bespreek en lede word dus aangemoedig om items vir bespreking in te dien. Indien enige voorbereiding nodig is deur SAWPA, moet u asseblief die nodige agtergrondinligting ook deurgee.

September 2019 Streekvergaderingskedule

Limpopo	Maandag 2 Sept 2019	Magoebaskloof Mountain Lodge
Suid/Ooskaap	Woensdag 4 Sept 2019	Pine Lodge, George
KZN	Vrydag 6 Sept 2019	Victoria Buiteklub, Pietermaritzburg
Mpumalanga	Maandag 9 Sept 2019	Badplaas Hotel
Weskaap	Vrydag 13 Sept 2019	Mowbray Gholfklub
Gauteng	Maandag 16 Sept 2019	SAWPA kantore, Isando

Al die vergaderings begin om 10:00. Verversings sal vooraf beskikbaar wees en ’n middagete sal na afloop van die vergadering bedien word. U word versoek om asseblief vir Judy te kontak by 011 974 1061 of admin@sawpa.co.za indien u beplan om die vergadering en middagete by te woon.

SAWPA LEDE-OPNAME

Die SAWPA lede-opname is op die 19de Junie gesirkuleer en moes teen die 5de Julie teruggestuur gewees het. Ongelukkig het ons slegs ’n klein persentasie van die opnames terugontvang en gee ons dus geleentheid vir lede wat die opname nog wil indien tot die 16de Augustus. Ons beplan om ’n voorlopige opsomming van die resultate by die streekvergaderings deur te gee. Finale bespreking en besluite sal egter deur die SAWPA uitvoerende bestuur gemaak word teen einde September. Indien enige lid vereis dat ons die opname weer moet deurstuur, kan u vir Judy kontak by admin@sawpa.co.za

CAPE CONSTRUCTION EXPO

Die Cape Construction Ekspo vind op 11 &12 September plaas by die Grand West in Kaapstad. SAWPA sal deelneem aan die skou as ’n uitstaller, en as spreker by die “Architectural Talks” werkswinkel op die 11de September om 12:30. Lede wat die ekspo wil , kan op die volgende skakel klik en registreer vir ’n gratis aanlyn kaartjie.

NUUSBROKKIES

- 2020 SAWPA-kalender: Ons vra dat lede met hoë resolusie foto's wat die gebruik van behandeldehout mooi uitbeeld dit aan ons sal stuur vir oorweging in die 2020 SAWPA-kalender. Erkenning sal gegee word aan die maatskappy / persoon wie se foto's gebruik word.
- Ons het nog veiligheidsetikette bestel. Met die dat SANS 10005 Ed 9, wat binnekort gepubliseer sal word, die aanwending van veiligheidsinligting ’n vereiste maak, en nie meer net aanbeveel nie, word lede herinner om vir Judy te kontak by admin@sawpa.co.za of 011 9741061 indien u etikette wil bestel.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.